

Hoofstuk 3

DIE PLEK VAN DIDAKTIEKONDERRIG IN DIE KURRIKULUM VAN DIE ONDERWYSERSOPLEIDING

3.1 Inleiding

Daar is reeds in 'n vorige hoofstuk bepaal dat die doelstellings van 'n vak eers geformuleer moet word voordat 'n keuse t.o.v. leerstof gemaak kan word.¹⁾ Die Algemene Metodieksillabus van die P.O.S. word in hierdie verhandeling geëvalueer, m.a.w. die doelstellings van Algemene Metodiek moet geformuleer word alvorens die evaluering gedoen kan word. Soos vroeër aangetoon, word die term Algemene Didaktiek bo Algemene Metodiek verkies.²⁾ Om hierdie rede sal in hierdie hoofstuk gepoog word om die doelstellings van Didaktiekonderrig te formuleer en dan sodoende die plek van Didaktiekonderrig in die kurrikulum van die onderwysersopleiding te bepaal. Voordat uitspraak oor lg. twee sake gegee kan word, moet die doelstellings van onderwysersopleiding eers afgebaken word. Genoemde doelstellings kan dan 'n aanduiding gee van die veld wat gedek moet word in die hele kurrikulum vir die opleiding van onderwysers. Spesiale aandag sal aan die opleiding van Primêreskoolonderwysers gegee word met spesifieke verwysing na Bantoe

1. Sien Hoofstuk 2, p.33.

2. Sien Hoofstuk 1, p.25.

primêreskoolonderwysers.

Die kurrikulum vir onderwysersopleiding beweeg egter parallel met die kurrikulum van die skool waarvoor onderwysers opgelei word en daarom sal daar in hierdie hoofstuk ook aandag geskenk word aan die doelstellings van die primêreskool met spesifieke verwysing na die Bantoe primêreskool.

As uitgangspunt vir al bogenoemde doelstellings geld egter die doelstellings van die opvoeding. Om hierdie rede sal vervolgens kortliks by die doelstellings van die opvoeding stilgestaan word.

3.2 Die doelstellings van die opvoeding

Soos die opskrif aandui, is hier sprake van die doelstellings van die opvoeding. Die vraag ontstaan egter wat dan van die doelstellings van die onderwys. Die doelstellings van die opvoeding sluit egter die doelstellings van die onderwys in soos van der Stoep-hulle dit stel: „Sonder die onderwys, so toon die bemoeienisse met 'n kind in die huisgesin, vind geen opvoeding plaas nie. Sonder om die opvoedingsideaal in aanmerking te neem, is so iets soos onderwys aan kinders sinloos en selfs ondenkbaar”.¹⁾ Waterink som dit mooi soos volg op: „wie onderwys, voedt op, en wie opvoedt, kan dat alleen, als hij ook onderwys”.²⁾

1. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p.26.

2. Waterink, J. Grondslagen der didactiek, p.35.

Die opvoedingsdoelstellings word deur die lewens- en wêreldbeskouing van die opvoeder bepaal soos Waterink dit stel: „Elke doelbewuste opvoeding veronderstelt een bepaalde beskouing over de mens. Deze beskouing betreffende de mens, heeft niet alleen invloed op de waardering van het object van de opvoeding, maar heeft ook beslissende betekenis voor de doelstelling bij het opvoedend werk. Immers deze mensbeskouing geeft niet alleen antwoord op de vraag: „Hoe is de mens?“, maar ook op de vraag: „Hoe behoort hij te zijn of te worden?“¹⁾

Dit sou dus geen doel dien om hier breedvoerig in te gaan op verskillende skrywers se standpunte oor die opvoedingsdoelstellings nie. Aangesien die Christelike lewens- en wêreldbeskouing gehandhaaf word, is dit voldoende om net hier die Christelike opvoedingsdoelstellings weer te gee en dan meer spesifiek soos deur J.C. Coetzee geformuleer.

Coetzee onderskei tussen nabysynde, verwyderde en uiteindelijke opvoedingsdoeleindes.²⁾ Hier volg dan nou 'n opsomming van die doelstellings soos deur hom geformuleer:³⁾

-
1. Waterink, J. Theorie der opvoeding, p.28.
 2. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p.211.
 3. Ibid., p.213 - 222.

3.2.1 Nabysynde doelstellings

- a) Aanpassing aan die omgewing.
- b) Die liggaamlike versorging, vorming en ontwikkeling van die opvoedeling.
- c) Die geestelike versorging, vorming en ontwikkeling van die opvoedeling.
- d) Die sosiologiese versorging, vorming en ontwikkeling van die opvoedeling.
- e) Die politiese versorging, vorming en ontwikkeling van die opvoedeling.
- f) Die logiese versorging, vorming en ontwikkeling van die opvoedeling.

3.2.2 Verwyderde doelstellings

- a) Die etiese versorging, vorming en ontwikkeling van die opvoedeling.
 - b) Die estetiese versorging, vorming en ontwikkeling van die opvoedeling.
 - c) Die filosofiese versorging, vorming en ontwikkeling van die opvoedeling.
- Hierdie filosofiese opvoeding moet Christelik wees.

3.2.3 Uiteindelike doelstelling

Die religieuse versorging, vorming en ontwikkeling van die opvoedeling. Coetzee omskryf dit dan soos volg: „Die vernaamste en uiteindelike doel van die menslike lewe is om God te ken wat ons geskape het,” en „Die vrees van die Here is die hoogste doel van ons lewe en opvoeding.”¹⁾

1. Coetzee, op. cit., p.221, 222.

Die Jeug-Studiekommissie van die Ned. Geref. Kerk som die doel van die Christelike opvoeding soos volg op:

„Die doel van die christelike opvoeding en onderwys op nasionale grondslag is die omhoogleiding van die kind in sy totaliteit tot 'n volle, nuttige en vrugbare lewe van arbeid en diens saam met en vir die medemens (in volks- en internasionale verbande) in die wêreld, tot eer van God op alle lewensterreine en in alle lewensverbande.“¹⁾

Die doelstellings soos deur Coetzee omskryf, sowel as bogenoemde omskrywing, beklemtoon die opvoeding van die hele kind. Gunter beklemtoon dit ook as hy sê dat met die opvoeding veel meer beoog word as net die verwerwing van kennis en vaardigheid, maar dat dit ook ten doel het „die positiewe vorming van die sedelike karakter en die ontwikkeling van die hele persoonlikheid van die volwassene-wordende.“²⁾

Ten slotte kan die vraag ontstaan of bogenoemde doelstellings ook vir die opvoeding van die Bantoe geldig is. Vir die Bantoe-kind geld netsoos vir die Blanke kind ook bogenoemde nabysynde, verwyderde en uiteindelijke doelstellings.³⁾ Die

1. Jeug-Studiekommissie van die Ned. Geref. Kerk. Verslag, p.357.

2. Gunter, C.F.G. Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, p.11.

3. Vgl. Van Zyl, H.J. Bantoe-Onderwys en die opleiding van Hoofmanne en Raadsmanne, p.10.

Vgl. Van der Mescht, A.J.B. Bantoe-onderwys sedert die wet op Bantoe-onderwys, 1953, p.49.

opvoeding van die Bantoe beoog dus ook die opvoeding van die hele kind tot die eer van God. Om hierdie rede word met bogenoemde doelstellings volstaan as synde van toepassing ook op die opvoeding van die Bantoe.

3.3 Die doelstellings van die primêreskool met spesiale verwysing na die Bantoe primêreskool

Die doelstellings van die primêreskool behoort baie nou aan te sluit by die doelstellings van die opvoeding. Twee sake wat sterk na vore gekom het, nl. die invloed van die lewens- en wêreldbeskouing en die opvoeding van die hele kind, moet ook hier in ag geneem word. 'n Verdere bepalende faktor is die posisie wat die primêreskool in die hele opvoedingstelsel beklee, m.a.w. is skoolbywoning verpligtend en is die primêreskool vir die meeste kinders die enigste skool wat hulle sal bywoon of moet die kind uitsluitlik voorberei word vir verdere studie?

'n Feit waaroor 'n redelike mate van eenstemmigheid bestaan, is dat wat ookal die posisie van die primêreskool, dit moet bydra tot die algemene vorming van die mens tot 'n waardige lid van die gemeenskap. Só noem Lötzt¹⁾ dit byvoorbeeld as 'n doelstelling van die blanke primêreskool in Transvaal en Draper²⁾ en Bonser³⁾ dit t.o.v. die

1. Lötzt, op. cit., p.36.

2. Draper, op. cit., p.33.

3. Bonser, F.G. The elementary school curriculum, p.61, 62.

Amerikaanse primêreskool. In ontwikkelende lande ('n term wat vandag algemeen gebruik word vir onderontwikkelde lande) is dit volgens de Jongh ook 'n belangrike doelstelling van die primêreskool.¹⁾ Nel noem dit die sosiale doel en sê die volgende: „Omdat die Nieblanke gemeenskap kultureel nog nie op gelyke voet met die Blanke staan nie, val in die Nieblanke se opvoedingsprogram die klem nog grootliks op die sosiale doel van die onderwys.”²⁾

Die primêreskool moet ook 'n bydrae lewer tot die opvoeding van die hele kind. Só maak die doelstellings, soos geformuleer deur die Departement van Bantoe-Onderwys, in die sillabus vir die laer primêre skoolkursus byvoorbeeld voorsiening vir die fisiese, maatskaplike, verstandelike en geestelike vorming en ontwikkeling van die kind.³⁾ Lötze het ook die ontwikkeling van die hele kind in gedagte as hy die volgende as 'n doelstelling van die primêreskool in Transvaal stel: „Die algemene vorming van die mens tot waardige lid van die gemeenskap en tot volwaardige burger van sy land waarby in gedagte gehou moet word sy geestelike lewe, etiese norme, 'n waardering vir estetiese en kulturele waardes, emosionele ewewig, verstandelike ontwikkeling en logiese denke, gesonde menseverhoudings en liggaamlike gesondheid,” en „die funksie van die

1. De Jongh, op. cit., p.139.

2. Nel, C.F.B. Die antropologiese agtergrond van aparte skole vir Blank en Nieblank in die Republiek van Suid-Afrika, p.56.

3. Republiek van Suid-Afrika. Dept. van Bantoe-Onderwys: Sillabus vir die Laer Primêre Skoolkursus, p.ii.

laerskool is nou veel meer die algemene vorming van die hele kind ..."¹⁾

In ontwikkelende lande is die alfabetisering van die massas 'n belangrike taak van die primêreskool.²⁾ Hierdie selfde doelstelling word beter soos volg deur die Departement van Bantoe-Onderwys omskryf: „Die afrigting in verstandelike vaardighede soos lees, skryf, spel en reken; 'n praktiese kennis van die amptelike tale; 'n mate van kennis van die wêreld verder as die onmiddellike omgewing.”³⁾ Coetzee het op 'n stadium, toe baie blanke kinders die skool aan die einde van die primêreskool verlaat het, die volgende gesê: „Dit moet aan die groot meerderheid van kinders al die direkte en spesifieke skoolse onderrig en vorming wat hulle ooit sal ontvang, gee.”⁴⁾ Hierdie doelstelling is tans net so van toepassing op die Bantoe primêreskool, aangesien 'n groot gedeelte van die Bantoe skoolbevolking nie verder as die primêreskool gaan nie. Indien die primêreskool egter net hierop sou konsentreer, sonder inagneming daarvan dat 'n gedeelte van die kinders verder as die primêreskool gaan studeer, sou dit 'n ondiens aan die kind bewys. Daarom is dit noodsaaklik dat die volgende doelstelling ook vir die primêreskool en meer spesifiek vir die Bantoe-primêreskool

1. Lötze, loc. cit.

2. De Jongh, op. cit., p.138.

3. Republiek van Suid-Afrika, loc. cit.

4. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p.50.

moet geld: „Dit moet aan 'n klein minderheid van die kinders die nodige voorbereiding vir die middelbare onderwys, algemeen en besonder, gee. Dit is wel 'n afgeronde geheel, maar dit moet tog wel die grondbeginsels vir enige verdere studie gee.“¹⁾

Een van die beste maniere om die kind vir die middelbareskool voor te berei, is dat hy in die primêreskool moet leer hoe om te leer en dat hy dit moet geniet om te leer soos Collier, e.a. dit stel: „Educators strive for an elementary school that is more concerned with developing in each pupil a real zest for learning than for a specific quantity of learning. Teachers promote continuing development of the enthusiastic, exploratory nature children generally have when they first enter school.“²⁾

Huey³⁾ en Lötzt⁴⁾ beklemtoon ook hierdie doelstelling van die primêreskool. Dit is byna vanselfsprekend dat, indien hierdie doelstelling regmatige aandag kry, moontlik meer Bantoe kinders verder as die primêreskool sal studeer.

Die primêreskool moet verder 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling en behoud van die eie kultuur. Waar die neiging by ontwikkelende volke bestaan om die Westerse kultuur in sy geheel te probeer oorneem, is dit die taak van die primêreskool om 'n bydrae tot kultuuroordrag te lewer. In werklikheid geld hierdie doelstelling vir alle volke soos

-
1. Coetzee, loc cit.
 2. Collier, C.C. e.a. Teaching in the modern elementary school, p.21.
 3. Huey, J.F. Teaching primary children, p.18.
 4. Lötzt, loc. cit.

van der Mescht dit ook stel: „Die doel van die Bantoeskool is, soos by enige ander skool, om die Bantoe-kind op sy weg na volwassenheid geleidelik in die kultuur van die Bantoe in te lyf. Dit word gedoen omdat die kultuur die eg menslike en geestelike elemente van 'n volk verteenwoordig.“¹⁾ De Jongh noem ook hierdie doelstelling ten opsigte van ontwikkelende lande.²⁾

Laastens is dit die doel van die primêreskool om 'n bydrae te lewer tot die geestelike vorming en ontwikkeling van die kind. In die geval van die Bantoe primêreskool is dit duidelik gestel dat die kind geleer moet word om hom ooreenkomstig die fundamentele beginsels van die Christelike leer te gedra.³⁾

Uit hierdie bespreking blyk dit dat die meeste van hierdie doelstellings, nl. die algemene vorming van die kind tot waardige lid van die gemeenskap, die opvoeding van die hele kind, alfabetisering en die geestelike vorming van die kind op Christelike grondslag op een of ander wyse in die volgende doelstellings soos deur die Departement van Bantoe-Onderwys vir die primêreskool geformuleer, voorkom:

„(a) Fisies

Die ontwikkeling van 'n gesonde liggaam; die aanleer van handvaardigheid en waarnemingsvermoë en van waardering vir die positiewe waarde van praktiese werk.

1. Van der Mescht, op. cit., p.345.

2. De Jongh, op. cit., p.138.

3. Republiek van Suid-Afrika. Dept. van Bantoe-Onderwys, loc cit.

„(b) Maatskaplik

Die ontwikkeling van 'n goeie standaard van persoonlike gedrag en lewenshouding; 'n begrip van die gemeenskap en die plek van die individu in die gemeenskap.

„(c) Verstandelik

Die afrigting in verstandelike vaardighede soos lees, skryf, spel en reken; 'n praktiese kennis van die amptelike tale; 'n mate van kennis van die wêreld verder as die onmiddellike omgewing.

„(d) Geestelik

Afrigting in die beginsels en uitlewing van die Christelike leer.¹⁾

Twee doelstellings wat moontlik nie sterk genoeg na vore kom nie, is dat die primêreskool die kind vir verdere studie moet voorberei en die bydrae wat dit tot kultuuroordrag moet lewer. Die feit dat 'n kennis van die twee amptelike tale beklemtoon word, kan voorbereidingswaarde vir verdere studie hê. Dit kan miskien bygevoeg word dat die kind in die primêreskool moet leer hoe om te leer en dat die leerstofaanbieding sodanig sal wees dat die kind dit geniet om te leer. Die primêreskool moet dus ook as doel hê die stimulering tot studie verder as net die primêreskool.

Die kwessie van kultuuroordrag word gedeeltematig in die moedertaalonderrig behels soos op 'n ander plek gestel: „Groot nadruk moet egter nog op die huistaal gelê word en die beginsel van moeder-

1. Republiek van Suid-Afrika. Dept. van Bantoe-Onerwys, loc. cit.

taalonderwys moet ook hier uitgevoer word sodat die leerling sy eie taal op 'n beskaafde wyse kan gebruik vir sy behoeftes in 'n beskaafde samelewing."¹⁾ Die primêreskool behoort 'n doelbewuste bydrae, tot die aankweek van 'n liefde vir die eie, te lewer. Op hierdie wyse kan kultuuroordrag bevorder word en nasietrots ontwikkel.

Ten slotte kan net die opmerking gemaak word dat dit moontlik binne afsienbare tyd nodig sal wees om die doelstellings van die Bantoe primêreskool, soos dit tans daar uitsien, te hersien en aan te pas by die nuwe omstandighede en posisie van die primêreskool in die hele opvoedingstelsel.

3.4 Die doelstellings van onderwysersopleiding

3.4.1 Inleiding

In die bespreking van doelstellings is tot dusver van sekere basiese riglyne gebruik gemaak. Eerstens speel die lewens- en wêreldbeskouing 'n belangrike rol. Verder het die opvoeding van die hele kind ter sprake gekom en t.o.v. onderwysersopleiding sê van Wyk „dat die hele onderwyser gevolglik opgevoed moet wees as hy die hele kind moet opvoed“, en verder „Net soos in die geval van die laer- en die middelbare onderwys, beoog onderwysersopleiding die opvoeding van die hele student.“²⁾

-
1. Republiek van Suid-Afrika. Dept. van Bantoe-Onderwys. Sillabus vir die Hoër Primêre Skoolkursus. (Hersien 1967), p.1.
 2. Van Wyk, A.H. du Preez. Die doelstelling met onderwysersopleiding en die beliggaming daarvan in spesifieke opleidingsprogramme, p.5.

Draper gaan van die standpunt uit dat dit makliker is om doelstellings te formuleer indien dit onder seker hoofde gegroepeer word.¹⁾ Tot dusver is van hierdie beginsel gebruik gemaak en ook hier sal dit toegepas word. Die probleem is egter watter indeling om te gebruik. Human bied die volgende moontlike oplossing: „In 'n studie oor opleidingskursusse vir onderwysers van 'n bepaalde rigting kan daar waarskynlik meer helderheid oor sekere aspekte van sodanige opleiding verkry word deur hulle te stel teenoor die taak van daardie onderwysers.”²⁾ Die moontlikheid bestaan dus om die onderwyser se taak in sy verskillende fasette te ontleed en dan die doelstellings daarvolgens te groepeer. Die inhoudstruktuur van onderwysersopleidingskursusse verteenwoordig meestal hierdie taakontleding van die onderwyser. Hierdie inhoudstruktuur kan dan 'n aanduiding gee van die groepering van doelstellings. Om van die praktyk na die doelstellings te gaan, is egter verkeerd, want die inhoud van 'n opleidingskursus is 'n direkte uitvloeisel van die doelstellings met so 'n kursus. Die rede waarom die inhoudstruktuur tóg as leidraad vir die formulering van doelstellings gebruik gaan word, is omdat die bestaande doelstellings so uiteenlopend is dat 'n mens moeilik 'n groepering kan maak.

Voordat nou oor 'n bepaalde indeling beslis kan word, sal kortliks aan die aspekte van onder-

1. Draper, op. cit., p.210.

2. Human, A.Z. Aspekte van opleidingskursusse in Transvaal vir Blanke onderwysers in handelsvakke, p.69.

wysersopleiding aandag geskenk word. Die Nederlandse primêre onderwysersopleiding maak voorsiening vir die pedagogies-psigologiese vorming, die didaktiese vorming, die praktiese vorming en die kulturele en maatskaplike vorming van die student.¹⁾

De Lange noem weer die volgende aspekte van die moontlike inhoudstruktuur van onderwysersopleiding: die beroepsteoretiese, beroepspraktiese, leerinhoudelike en persoonlik oriënterende aspekte.²⁾

Koen³⁾ en van Wyk⁴⁾ verdeel dit in akademiese en professionele opleiding, terwyl Marais⁵⁾ by hierdie twee aspekte nog die praktiese opleiding ook noem.

Nel verwys ook na die praktiese vorming van die aspirant onderwyser.⁶⁾ Bingle noem die volgende spesifieke eise vir onderwysersopleiding: „Wetenskaplike kennis van die skoolvakke; wetenskaplike kennis van die Opvoedkunde; professionele kennis en vorming.”⁷⁾ Coetzee verwys na die akademiese vorming van die student en sy professionele opvoeding

-
1. Kleywegt, C. De vernieuwing van de onderwijzersopleiding, p.144.
 2. De Lange, op. cit., p.150.
 3. Koen, A.J. Die opleiding van onderwysers vir middelbare skole, p.210.
 4. Van Wyk, A.H. du Preez. Bespreking van sekere aspekte van onderwysersopleiding en gedifferensieerde middelbare onderwys, p.2, 3.
 5. Marais, op. cit., p.214.
 6. Nel, B.F. Die psigologiese vorming van die aspirant onderwyser, p.21.
 7. Bingle, H.J.J. Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika gedurende die afgelope dekade, p.22, 23.

vir binneskoolse sowel as buiteskoolse werksaamhede.¹⁾

Ten einde nader aan 'n beslissing vir 'n moontlike groepering van doelstellings te kom, kan kortliks aandag geskenk word aan enkele groeperings van doelstellings vir onderwysersopleiding. Van Wyk onderskei tussen algemene en besondere doelstellings. Die besondere doelstellings ontleed hy dan in verstandelike, liggaamlike, estetiese, religieuse en morele vorming, sosiale, emosionele, professionele vorming en die vorming van die onderwyser as persoon.²⁾ Lötzt onderskei tussen funksionele en opvoedkundige doelstellings.³⁾

Dit wil voorkom asof die volgende groepering van doelstellings alle aspekte van die opleiding insluit: funksionele, akademiese, professionele en persoonlikheidsvormende doelstellings. Die doelstellings van onderwysersopleiding sal vervolgens onder hierdie hoofde bespreek word.

3.4.2 Funksionele doelstellings

Lötzt omskryf die funksionele doelstelling met onderwysersopleiding soos volg: „'n Onderwysdepartement lei onderwysers op om uitvoering te kan gee aan sy primêre verantwoordelikheid, naamlik om

-
1. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p.79.
 2. Van Wyk, A.H. du Preez. Die doelstelling met onderwysersopleiding en die beliggaming daarvan in spesifieke opleidingsprogramme, p.5, 6, 7.
 3. Lötzt, op. cit., p.37.

onderwys vir die kinders binne 'n bepaalde gebied te voorsien. In dié verband is hy verantwoordelik dat

„(a) daar voldoende getalle goed opgeleide onderwysers beskikbaar sal wees en

„(b) dat die opleiding van die onderwysers sodanig sal wees dat hulle die algemene en spesifieke doelstellings wat met die onderwys beoog word, sal kan verwesenlik en die aanvaarde onderwysbeleid sal kan uitvoer.“¹⁾

McGlothlin noem as die doelstellings van professionele opleiding die voorsiening van 'n voldoende aantal en behoorlik opgeleide persone vir 'n bepaalde beroep.²⁾ Dit kan egter ook geklassifiseer word as 'n funksionele doelstelling in die geval van onderwysersopleiding.

Die twee kerngedagtes van die funksionele doelstelling is dat genoeg onderwysers opgelei sal word om in die behoeftes te voorsien en tweedens moet die kwaliteit van die opleiding sodanig wees dat hulle in staat sal wees om by te dra tot die verwesenliking van die doelstellings van die opvoeding.

3.4.3 Doelstellings t.o.v. akademiese vorming

Die akademiese sy van onderwysersopleiding kom ooreen met wat De Lange die „leerinhoudelike aspek“ noem en omskryf as „n studie van 'n vakwetenskap(pe) wat in die vorm van skoolvak(ke)

1. Lötzt, loc. cit.

2. McGlothlin, op. cit., p.2, 4.

die onmiddellike inhoud van die onderwys is."¹⁾

Coetzee omskryf hierdie doelstelling soos volg:

"Elke onderwyser moet min of meer grondig in kennis en wetenskap onderlê wees."²⁾ Verder gee Bingle die volgende omskrywing hiervan:

"Wetenskaplike kennis van die skoolvakke: Hieronder word verstaan die volledige opset van die vak waarvoor die onderwyser opgelei word: die doel, die inhoud, die metode en organisasie van daardie vak soos dit inskakel in die hele ensiklopedie van die wetenskap. Dit gaan nie in hierdie opsig oor wat die onderwyser van die vak op skool nodig het nie, maar oor wat die vak self is."³⁾ Dit is dus duidelik dat vakafrigting geensins die doel moet wees nie, maar dat die onderwyser meer moet weet as wat hy op skool nodig sal kry.

Samevattend kan dan gesê word dat met die akademiese vorming van die student beoog word dat hy die skoolvakke wat hy moet onderrig in hulle volledige omvang as wetenskappe sal bestudeer, m.a.w. dat hierdie studie verder sal gaan as net dit wat hy in die skool nodig sal kry.

3.4.4 Doelstellings t.o.v. professionele vorming

Coetzee praat van die tegniese professionele opleiding van die onderwyser en sluit dan daaronder in die akademiese vorming en professionele

1. De Lange, loc. cit.

2. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p.79, 80.

3. Bingle, op. cit., p.22.

vorming vir binne- en buiteskoolse werk.¹⁾ Die akademiese vorming is egter reeds onder 'n afsonderlike hoof behandel. Ten opsigte van die professionele vorming vir binneskoolse werk word daar tussen teorie en praktyk onderskei.²⁾ De Lange maak ook die onderskeid tussen teorie en praktyk, maar as afsonderlike aspekte van die inhoudstruktuur van onderwysersopleiding en nie onder die hoof "professionele vorming" nie. Hy omskryf dit soos volg:

- "(a) Die beroepsteoretiese aspek naamlik pedagogiekstudie as die hoofinhoud van sy opleiding.
- "(b) Die beroepspraktiese aspek naamlik vakmetodieke, tale en bepaalde vaardigheidsvakke as weë vir die in-die-praktyk stel van teoretiese insigte in die onderwys-handeling."³⁾

Sowel Lötzt⁴⁾ as van Wyk⁵⁾ maak in die professionele vorming voorsiening vir die teoretiese en praktiese aspekte van die vorming.

Die teoretiese sy van die professionele vorming behels 'n studie van die Pedagogiek met insluiting van al sy deeldissiplines. Van der Stoep se

1. Coetzee, op. cit., p.79, 80.

2. Ibid., p.80.

3. De Lange, loc cit.

4. Lötzt, op. cit., p.38.

5. Van Wyk, A.H. du Preez. Die doelstelling met onderwysersopleiding en die beliggaming daarvan in spesifieke opleidingsprogramme, p.7.

omskrywing van professionele opleiding kom in hoofsaak met hierdie teoretiese aspek ooreen. Hy vra die volgende vraag: „Op grond waarvan aanvaar die onderwyser sy taak dan as pedagoog-didaktikus?" en gee dan o.a. die volgende antwoord:

„Op grond van sy professionele opleiding, in die loop waarvan hy 'n studie sal moet maak van die pedagogiek in al sy vertakkinge: van die kind, die leerverskynsel, die didaktiese opset van die skool waarin hierdie verskynsel hom op formele vlak voltrek, die leerstof as formele vorm van lewenswerklikheid en die didaktiese beginsels waarvolgens sy ontwerpe struktuur kan kry.“¹⁾

Die praktiese sy van die professionele vorming sluit in 'n studie van die vakmetodieke en sekere vaardighede soos bordwerk, skrif, sang, apparaatwerk, musiek, ens. en ook praktiese onderwys.²⁾

Laastens moet net weer verwys word na 'n aspek wat reeds genoem is, nl. die onderwyser se voorbereiding vir buiteskoolse bedrywighede. Coetzee omskryf dit soos volg: „Die aanstaande onderwyser moet ingelei word in die beginsels en metodes van alle buiteskoolse bedrywighede, soos sport en ontspanning, drama en kuns, vereniginge en klubs.“³⁾

Samevattend kan gestel word dat die professionele vorming van die student die teoretiese en

1. Van der Stoep, O.A. Die aandeel van die onderwyser aan die didaktiese situasie, p.299.

2. Van Wyk, loc. cit.

3. Coetzee, loc. cit.

praktiese vorming vir binneskoolse werk en ook die voorbereiding vir buiteskoolse bedrywighede beoog. Die teoretiese vorming vereis dat die student 'n deeglike kennis van die Pedagogiek in al sy vertakkinge sal opdoen. Verder vereis die praktiese vorming dat die student 'n deeglike kennis van die vakmetodieke en die vaardigheidsvakke soos bordwerk, skrif, sang, apparaatwerk, musiek, ens. sal opdoen en dat hy geleentheid gebied sal word om praktiese onderwyservaring op te doen d.m.v. praktiese onderwys. Laastens vereis die professionele vorming 'n deeglike kennis van die beginsels en metodes van buiteskoolse bedrywighede.

3.4.5 Doelstellings t.o.v. persoonlikheidsvorming

Dit is baie belangrik dat die onderwyser se persoonlikheid langs sekere lyne sal ontwikkel soos Coetzee die belangrikheid daarvan beklemtoon as hy sê:

„Die hoogste waarde van 'n onderwyser lê nie in die gereelde, pligsgetroue en minutieuse uitvoering van sy daelikse werk nie, maar wel in sy vermoë om die kinders te lei en te inspireer deur die mag van sy eie persoonlikheid. Die persoonlikheid het meer waarde as 'n ensiklopediese kennis en 'n verfynde tegniek. Ook aan hierdie element in sy eie toerusting vir sy lewenstaak moet daar deur die onderwyser voortdurend ernstige aandag gegee word.“¹⁾

Samevattend omskryf hy dan die persoonlikheid van die onderwyser as „die eenheid van objektiewe en

1. Coetzee, op. cit., p.74.

subjektiewe - wat hy is en wat hy skyn te wees."¹⁾

Coetzee,²⁾ Lötzt³⁾ en van Wyk⁴⁾ toon almal aan dat daar 'n noue verband tussen die onderwyser se lewens- en wêreldbeskouing en sy persoonlikheid bestaan. Die onderwyser se daaglikse taakvervulling word grootliks deur sy lewens- en wêreldbeskouing bepaal en daarom is dit so noodsaaklik dat hy 'n vaste lewens- en wêreldbeskouing sal verwerf voordat hy hom in die onderwys waag.

Coetzee sluit die volgende vier aspekte onder persoonlikheidsvorming in: fisieke, geestelike, sosiale en sedelike.⁵⁾ Van Wyk noem sekere spesifieke doelstellings van onderwysersopleiding waarvan die volgende myns insiens net sowel onder die doelstellings vir persoonlikheidsvorming ingesluit kan word: liggaamlike opvoeding, estetiese vorming, religieuse en morele vorming, sosiale vorming en emosionele vorming.⁶⁾

Samevattend kom die persoonlikheidsvormende doelstellings daarop neer dat die onderwyser 'n ewewigtige Christelike lewens- en wêreldbeskouing

1. Coetzee, op. cit., p.75.

2. Ibid., p.74.

3. Lötzt, op. cit., p.38.

4. Van Wyk, A.H. du Preez. Die doelstelling met onderwysersopleiding en die beliggaming daarvan in spesifieke opleidingsprogramme, p.7.

5. Coetzee, op. cit., p.75.

6. Van Wyk, op. cit., p.5, 6.

sal ontwikkel en dat hy ook fisieke, estetiese, religieuse, morele, sosiale en emosionele vorming en ontwikkeling sal ondergaan.

3.5 Die doelstellings van die opleiding van Bantoe primêreskoolonderwysers

3.5.1 Inleiding

Soos reeds aangedui in die geval van die doelstellings van die opvoeding, geld die doelstellings vir die opvoeding van die Blanke ook vir die Bantoe.¹⁾ By die doelstellings van die Bantoe primêreskool is bevind dat sekere aanpassings of klemverskuiwings t.o.v. die doelstellings vir die Blanke primêreskool nodig is sonder dat die werklike gees van die doelstellings verander.²⁾

Wanneer nou die doelstellings van die opleiding van Bantoe primêreskoolonderwysers nagegaan word, is die uitgangspunt dat dit basies dieselfde sal wees as vir die opleiding van Blanke onderwysers. Sekere aanpassings of klemverskuiwings mag egter nodig wees.

3.5.2 Funksionele doelstellings

Die funksionele doelstellings, nl. dat genoeg onderwysers opgelei sal word om in die behoeftes te voorsien en dat die kwaliteit van die opleiding sodanig sal wees dat hulle in staat sal wees om by te dra tot die verwesenliking van die doelstellings van die opvoeding, geld ook net so vir die opleiding van Bantoe primêreskoolonderwysers.

1. Sien 3.2.3, p. 84.

2. Sien 3.3, p. 86.

3.5.3 Doelstellings t.o.v. akademiese vorming

Die doelstellings t.o.v. akademiese vorming kom kortliks op die volgende neer: dat die student die skoolvakke wat hy moet onderrig in hulle volledige omvang as wetenskappe sal bestudeer, m.a.w. dat hierdie studie verder sal gaan as net dit wat hy in die skool nodig sal kry. By die opleiding van Bantoe primêreskoolonderwysers ontstaan hier 'n probleem omdat die toelatingsvereiste tot die kursus slegs Juniorsertifikaat is en die kursus net twee jaar duur. Vanweë hulle beperkte akademiese agtergrond is dit nie moontlik om die skoolvakke in hulle volledige omvang as wetenskappe te bestudeer nie.

In 'n poging om te probeer vasstel wat die Departement van Bantoe-Onderwys se doelstellings met die opleiding van primêreskoolonderwysers is, kon net 'een geformuleerde doelstelling opgespoor word, nl. „As gevolg van die beperkte akademiese en algemene agtergrond van leerlinge wat tot die onderwyserskursusse toetree, sal die oogmerk in die geval van elke kursus wees om studente slegs af te rig vir die werk wat hulle sal doen in die tipe skool waarvoor hulle opgelei word.”¹⁾ In die volgende aanbeveling van die Eiselen-kommissie, oor die hersiening van opleidingskursusse vir onderwysers, kom min of meer dieselfde gedagte na vore:

„Par. 971 a. Teachers should be trained specifically to teach in a particular type of school;

1. Unie van Suid-Afrika. Dept. van Naturellesake. Leerplan vir die laer primêre onderwyserskursus, p.5.

"b. the particular requirements of teaching in each type of school in respect of academic knowledge, practical subjects, pedagogy and the social problems of pupils should receive due attention in each teacher's course."¹⁾

Dit is myns insiens egter te beperk om die student slegs vir die werk wat hy moet doen, af te rig. Aan die anderkant is dit weer nie moontlik om die skoolvakke in hulle volledige omvang as wetenskappe te bestudeer nie. Die enigste oplossing is om 'n middeweg te probeer vind totdat die toelatingsvereiste ook ten minste matrikulasie is.

Die akademiese doelstelling kan dan soos volg saamgevat word: dat die student die skoolvakke wat hy moet onderrig, sal bestudeer tot op die hoogste vlak waartoe hy in twee jaar in staat is.

3.5.4 Doelstellings t.o.v. professionele vorming

By oorweging van hierdie doelstellings soos reeds vir Blanke onderwysersopleiding geformuleer, moet die volgende stellings van Nel duidelik in gedagte gehou word: „Gebrek aan toerusting en hulpmiddels in die wydste sin van die woord stel die onderwyser as verpersoonliking van die kultuureise nog meer in die brandpunt van die onderwysprogram as in die geval van beter toegeruste skole,"²⁾ en „Die taak rus nou op die onderwyseropvoeder om in die skool met sy Westerse en Bantoetradisievreemde leerverpligtinge en Bantoekultuurvreemde leerstof-inhoude deur metode van aanbieding 'n pedagogiese

1. Union of South Africa. Report of the commission on Native education 1949 - 1951, p.152.

2. Nel, C.F.B. Die pedagogiese onderbou van afsonderlike onderwys vir die Bantoekind, p.177.

atmosfeer van menslikheid as geborgenheid te skep."¹⁾

Die eise wat dus aan die onderwyser se professionele bekwaamheid gestel word, is byna bimenslik.

Die probleem lê veral by die teoretiese vorming van die student wat 'n deeglike kennis van die Pedagogiek in al sy vertakkinge vereis, veral as die volgende in ag geneem word: „In 'n kultureel-laerstaande en intellektueel-minderontwikkelde gemeenskap soos die nie-blanke volksgroep, funksioneer die denke hoofsaaklik in die konkreet-aanskoulike bewussynslae."²⁾

Die vraag ontstaan of dit vir 'n student, wat net Juniorsertifikaat geslaag het, en wie se denke hoofsaaklik in die konkreet-aanskoulike bewussynslae funksioneer, moontlik is om 'n deeglike kennis van die Pedagogiek in al sy vertakkinge op te doen.

Dit sou nie 'n oplossing wees om Pedagogiekstudie heeltemal uit te skakel nie, maar eerder om by die samestelling van sillabusse vir die deeldissiplines van die Pedagogiek hierdie feit in gedagte te hou. Ook by die onderrig van hierdie vakke sal die dosent hiermee rekening moet hou sodat die leerstof nie sonder betekenis vir die student sal wees nie.

Samevattend kan die professionele doelstellings vir die opleiding van Bantoe primêreskoolonderwysers soos volg gestel word: Die professionele vorming van die student vereis dat hy 'n teoretiese en praktiese kennis van binneskoolse werk sal besit en ook voorberei sal word vir buiteskoolse bedrywig-hede. Die teoretiese vorming vereis dat die student

1. Nel, op. cit., p.184.

2. Nel, C.F.B. Die antropologiese agtergrond van aparte skole vir Blank en Nieblank in die Republiek van Suid-Afrika, p.140.

'n funksionele kennis van die Pedagogiek in al sy vertakkinge sal opdoen. Verder vereis die praktiese vorming dat die student 'n deeglike kennis van die vakmetodieke en die vaardigheidsvakke soos bordwerk, skrif, sang, apparaatwerk, ens. sal opdoen en dat hy geleentheid gebied sal word om praktiese onderwyservaring op te doen d.m.v. praktiese onderwys. Laastens vereis die professionele vorming 'n deeglike kennis van die beginsels en metodes van buiteskoolse bedrywighede.

3.5.5 Doelstellings t.o.v. persoonlikheidsvorming

Hierdie doelstellings is vir beide die Blanke en die Bantoe dieselfde, nl. dat die onderwyser 'n ewewigtige Christelike lewens- en wêreldbeskouing sal ontwikkel en dat hy ook fisieke, estetiese, religieuse, morele, sosiale en emosionele vorming en ontwikkeling sal ondergaan.

3.6 Die doelstellings en plek van Didaktiekonderrig in die kurrikulum van die onderwysersopleiding

'n Ontleding van die doelstellings van onderwysersopleiding behoort 'n aanduiding te gee van die plek wat Didaktiekonderrig in die kurrikulum beklee. By die professionele doelstellings word daar na die teoretiese vorming van die student verwys. Hierdie teoretiese vorming vereis 'n deeglike kennis van die Pedagogiek in al sy vertakkinge. Didaktiek is een van die deeldissiplines van die Pedagogiek en daarom word hier o.a. ook na die Didaktiek verwys as daar sprake van die teoretiese vorming is. Aarts stem hiermee saam as hy sê: „De didactiek is een zeer belangrijk

deel van de theoretiese studie van de onderwyser."1)

Hierdie studie van die Didaktiek is nodig sodat die onderwyser insig kan verwerf om sy taak as pedagoog-didaktikus te kan begryp. Die onderwyser moet dus rekenskap kan gee van wat hy doen, waarom hy dit doen en hoe hy dit doen. Hierdie drie vrae vorm die kernvrae waarmee die onderwyser as didaktikus hom besig hou. Van der Stoep-hulle som dan hierdie drie vrae soos volg op:

"Uit die waarom-vraag kom die didakties-teoretiese besinning wat lig kan werp op die didaktiese bedryf. Die wat-vraag loop uiteindelik uit op 'n besinning ten opsigte van die leerinhoud as een van die kernmomente van die didaktiese situasie in die skool. Ten slotte dui die hoe-vraag op 'n metodologiese besinning ten opsigte van die beskikbaar- en bereidstelling van hierdie keninhoud."2) Hieruit is dit duidelik dat die Didaktiese vorming van die onderwyser meer inhoud as net om hom van sekere tegnieke of resepte te voorsien.

Die Didaktiekonderrig moet egter steeds geskied met inagneming daarvan dat dit 'n deeldisipline van die Pedagogiek is. Hy moet dus sy Didaktiek ken, maar dit steeds sien in samehang met die omvattendere pedagogiese uitsprake. Indien dit nie die geval is nie, weet hy nie "wat hy doen en waaraan

-
1. Aarts, Jos. Beknopt leerboek der Algemene Didactiek voor de tweede leerkring, p.6.
 2. Van der Stoep, F. & van der Stoep, O.A. Didaktiese Oriëntasie, p.125.

hy hom waag as hy gaan onderwys gee nie. Hy kan hom ook nooit werklik verantwoord vir 'n bepaalde struktuur wat hy opgebou het nie, en hy kan nie anders as om hom deur sy goeie of slegte intuïsie te laat lei in die situasies wat hy skep nie."¹⁾

Didaktiekonderrig is dus, soos uit bostaande blyk, 'n baie belangrike deel van die onderwyser se professionele vorming.

Noudat die plek van Didaktiekonderrig in die kurrikulum van die onderwysopleiding bepaal is, kan die doelstellings van Didaktiekonderrig geformuleer word.

Soos aangetoon, is die Didaktiek 'n deeldisipline van die Pedagogiek. Die eerste algemene doelstelling van Didaktiekonderrig is dan dat die student 'n funksionele²⁾ kennis van en insig in die Didaktiek in samehang met die Pedagogiek moet verwerf. Nou aansluitend hierby geld die volgende doelstelling soos gestel in die sillabus vir Didaktiese Pedagogiek van die Transvaalse Onderwysdepartement: „Om die student insig in die onderwys as een van die weë van die opvoeding te laat verwerf."³⁾

Soos reeds aangetoon, is die Didaktiek 'n normatiewe wetenskap, m.a.w. dit tree keurend op onder invloed van sekere insigte met die lewens- en wêreldbeskouing as uitgangspunt.

1. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p.35.

2. Vgl. 3.5.4, p.104.

3. Bylae C, p.218.

As 'n verdere Algemene doelstelling kan dus gestel word dat Didaktiekonderrig 'n bydrae moet lewer om die student insig te laat verwerf in opvoedende onderwys gebaseer op die Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Ten opsigte van die besondere doelstellings van Didaktiekonderrig geld die volgende: Soos reeds gestel, is die drie kernvrae waarmee die onderwyser as didaktikus hom besig hou, dat hy reenskap moet kan gee van wat hy doen, waarom hy dit doen en hoe hy dit doen. Hierdie drie vrae kan as basis dien vir die formulering van die besondere doelstellings van Didaktiekonderrig.

Eerstens moet Didaktiekonderrig die student in staat stel om 'n antwoord op die „wat-vraag” te gee, m.a.w. hy moet hierdeur in staat gestel word om te weet waarom sekere leerinhoudes onderrig behoort te word en ander nie.

Tweedens moet Didaktiekonderrig die student in staat stel om 'n antwoord op die „waarom-vraag” te gee, m.a.w. dat hy sal weet waarom sekere opvoedkundige gegewens in die praktyk van die opvoeding aangewend kan en moet word.¹⁾ Dit is dus nie moontlik om op hierdie „waarom-vraag” te antwoord sonder 'n deeglike insig in die Didaktiek nie.

Derdens moet Didaktiekonderrig die student in staat stel om op die „hoe-vraag” te antwoord, m.a.w. dat hy in staat sal wees om te beslis hoe hy die

1. Coetzee, J.C. Inleiding tot Algemene Praktiese Opvoedkunde, p.21.

kennis, kundighede en vaardighede gaan oordra. In samehang met die vorige doelstelling is dit duidelik dat die vermoë om te weet hoe om die leerstof oor te dra, sonder insig in waarom dit so gedoen moet word, kan lei tot resepagtige onderrig. Daarom is dit nodig dat die aspirant-onderwyser sal besef dat dit in die onderwyssituasie van hom verwag sal word om oorspronklik te dink en d.m.v. insig sekere oplossings te vind.

Uit bostaande algemene en besondere doelstellings kom een aspek van Didaktiekonderrig sterk na vore, nl. dat dit moeilik kan lei tot die oorbeklemtoning van die een of ander faset. Eerstens word die Didaktiek as wetenskap nie oorbeklemtoon nie, want dit word in samehang met die Pedagogiek waarvan dit 'n deeldisipline is, behandel. Vervolgens kry die „wat-, waarom- en hoe-vrae" volle aandag sonder oorbeklemtoning van die een ten koste van die ander. Só kan 'n oorbeklemtoning van die „waarom-vraag" byvoorbeeld lei tot oormatige teoretisering ten koste van die praktyk (die „hoe") en andersom kan dit weer lei tot 'n vertegnisering van die onderwys.

Samevattend is die doelstellings van Didaktiekonderrig die volgende:

Algemene doelstellings

- 1) Om die student 'n funksionele kennis van en insig in die Didaktiek in samehang met die Pedagogiek te laat verwerf.
- 2) Om die student insig te laat verwerf in opvoedende onderwys gebaseer op 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Besondere doelstellingen

- 1) Om die student in staat te stel om te weet waarom sekere leerinhoudes onderrig behoort te word en ander nie.
- 2) Om die student in staat te stel om te weet waarom sekere opvoedkundige gegewens in die praktyk van die opvoeding aangewend kan en moet word.
- 3) Om die student in staat te stel om te kan beslis hoe om die leerinhoudes oor te dra.